# 3 *Saterdag*

**SKRIFGEDEELTE: LUKAS 1:57-66**
**FOKUSGEDEELTE: LUKAS 1:64**

**Sagaria – Stomgeslaan**

Wie sal nie met stomheid geslaan word as ’n engel van God aan hom verskyn nie? Sagaria (die Here was gedagtig) was nie met stomheid geslaan nie. Hy het wel geskrik toe hy Gabriël daar by die altaar in die tempel sien staan. Hy het ook baie bang geword. Hy het egter nie sy spraak verloor nie, nie op dáárdie oomblik nie.

Sagaria was, saam met sy vrou Elisabeth, Godvresende mense. Hulle het onberispelik voor die Here gewandel (Luk. 1:6). Een ding het hulle gemis: kinders. Die pynlike saak van kinderloosheid kom aan die orde as dit Sagaria se beurt is om die reukoffer voor die Here te berei. Soveel keer het hy en Elizabeth vir kinderseën gebid. Op hierdie groot, maar totaal onverwagse oomblik word die gebede verhoor. Die verhoring gaan nie net vir hulle twee betekenis hê nie, maar vir die hele Israel. Die kind wat gebore word, sal die Wegbereider vir die Messias word. Gabriël spel dit vir Sagaria uit.

Vir die gelowige priester Sagaria is die boodskap van die engel een te veel. Hy neem Gabriël onder kruisverhoor (Luk. 1:18). Per implikasie trek hy God se woord in twyfel. Die gevolg is: hy word met stomheid geslaan. Hy sal nie kan praat totdat God se belofte werklikheid geword het en hy dit geglo het nie.

Sagaria se stomheid is ’n pynlike tugtiging. Hy word verplig om die evangelie van verlossing in hom rond te dra sonder om daaroor te praat. Sy ongeloof in God se Woord dwing hom tot diep nadenke. Sy vrou Elisabeth deel in sy tugtiging. As sy, wonder bo wonder, op haar hoë leeftyd swanger word ooreenkomstig die belofte van God, steek sy haar swangerskap vir vyf maande lank weg.

Eers as Johannes gebore word, word die stilswye gebreek. As die seuntjie sy naam moet kry, kom die inkeer van Sagaria helder na vore. Daar word nog geskryf: Johannes is sy naam. En onmiddellik is sy mond geopen. Ongeloof maak plek vir geloof. Sagaria kan weer praat. Sagaria sing ’n loflied.

Met hoeveel stomheid word ons soms nie geslaan vanweë ons kleingeloof en ongeloof en geringskatting van God se groot werke nie. Hoe minder ons praat, hoe stiller word die swye. Moenie dat die stene op die strate begin praat nie. God laat Hom nie verswyg nie.

*Sing: Psalm 149:2 (1936)*

*Dr. GJ (Gerard) Meijer (Oos-Moot)*